



EM TOEPASSINGS HANDLEIDING**INHOUD**

EM Toepassing	
1. Wat kan EM doen?	2
a. Kompos	
b. Plante	
c. Diere	
d. Waterkultuur	
e. Omgewing	
2. Wat is EM?	2
3. Wat is Mikro-organismes?	3
4. EM Berging	4
5. EM Toepassing	5
a. EM Kompos	
b. Kompos tee	
Plante	5
i) Aanduiding van die effektiwiteit van EM	
ii) EM Verdunning vir gebruik op plante	
a. Inenting van grond	
b. Bespuiting van droë material	
c. Plant bespuiting	
d. Week van sade	
e. EM Besproeiing	
f. Voeding	
g. Insek beheer	
h. Ontwikkeling van nuwe grond	
Diere	6
1) Vlieg beheer	
2) Reuk onderdrukking	
3) Drinkwater	
4) Bokashi vir voer	
5) Mis vanaf diere	
Waterkultuur	7
1) Toepassing	
2) Voer	
3) Slik vermindering	
Algemene Omgewing	7
EM Derivate	8
1. EM GPE	8
2. EM 5	
3. EM 3 in 1	9
4. Bokashi	9
5. EM FF	10
6. EM GHM	11
7. EM FKG	11
DIAGRAMME	11
Organiese Boerdery – Volhoubare boerdery	14
1. Leer uit die natuur	
2. Grond	
3. Materiale	
4. Organiese Produk Sertifisering	
Ander Sketse	16 ~ 18
Kompos Produksie met EM	19
Kruie plante en gebruike	21
Riool aanleg	22
EM en chemikalieë	23
Gewastoediening	
Suiker/Groente/ grane	25
Vrugte bome	25
Hoenders	26
Perde	27

Hierdie handleiding mag nie sonder die toestemming van Louis Meintjes, TLU SA, of EMROSA vermeerder word nie. Navrae 082 461 7262

I EM TOEPASSING

1. WAT KAN EM DOEN?

a) KOMPOS

- ❖ EM kan met EM kompos in die grond ingewerk word
- ❖ EM bevorder die verhitting van organiese materiaal tot 60° C binne 3-4 dae
- ❖ EM kan NH₃, H₂S CH₄ ens. afbreek en absorbeer en dit verlaag die verlies van C, N en S aan die atmosfeer. CH₄ is nadelig vir die O₂ vlakke in die grond.
- ❖ EM onderdruk die slegte reuke en daarom ook die vliegpopulasie wanneer kompos gemaak word. Ook in die stalle en krale waar vlieë uitbroei.
- ❖ EM kompos onderdruk siektes

b) PLANTE

EM lewer hoë kwaliteit produkte met beter raklewe in kommersiële boerdery en tuine

- ❖ EM bevorder 'n gesonde interaksie tussen die plantwortels en die grond met die voordelige mikro-organismes
- ❖ EM help om 'n gesonder en meer produktiewe grond te vorm. Grond word dieper geaggregeer en bevorder wortel vorming konstant, wat daartoe bydra dat plante meer droogte- en siekte bestand is. EM help ook om plant voedingstowwe meer en geredelik in die grond beskikbaar te maak deur met behulp van ensieme, organiese materiaal tot voedingstowwe soos N, P, K, S, Mg, en humus af te breek. Die mikro-organismes berg die voedingstowwe oor 'n langer tydperk en stel dit stadig vry soos die plante dit benodig. EM tree ook as 'n buffer op teen oormatige bemesting.
- ❖ EM onderdruk skadelike organismes wat siektes veroorsaak d.m.v. kompetisie in die grond en op die plante se blaaroppervlaktes. Onkruidodders, swamdoders en insek doders word uit die grond en plante onttrek deur EM fermentasie. Onkruid, kruie, groete en vars boom blare kan gebruik word vir die vervaardiging van EM-GPE (Gefermenteerde plant ekstrak)

c) DIERE (RSA Registrasie Nr V 16904)

- ❖ Diere is gesonder met EM
- ❖ EM word by die diere se drinkwater en voer gevoeg om weerstand teen siektes te bied en groei te bevorder
- ❖ EM onderdruk slegte reuke
- ❖ EM reguleer die ingewande se mikro-flora en verhoed sodoende diarree en hardlywigheid en bevorder voeromset.
- ❖ EM help ook in die beheer van vlieë

d) WATERKULTURE

- ❖ EM verbeter waterkwaliteit en onderdruk skadelike gasse soos NH₃, NO₃, H₂S en CH₄ wat stress by visse veroorsaak omdat waterkwaliteit versleg.
- ❖ EM-gebruik veroorsaak dat die suurstof vlakke van die water verhoog omdat nadelige gasse uit die water verwyder is.
- ❖ EM gebruik verminder daarom ook stress by die visse, veral tydens die oorplaas van een dam na 'n ander of tydens vervoer.

e) OMGEWING

- ❖ EM help met 'n verskeidenheid van omgewings probleme soos slegte reuke van riool, asgate, krale en Ander omgewings besoedeling wat voorkom. Dit is onderhoudend en die aantal voordelige insekte sal vermeerder. Dit skep en onderhou 'n gesonde omgewing vir alles en almal.

2. WAT IS EM

EM staan vir Effektiewe Mikro-organismes. EM is 'n multifunksionele medium wat bestaan uit natuurlike en voordelige mikro-organismes, nl. fotosinterende bakterieë, melksuur bakterieë, gis en *Actinomycetes*. Die mikro-organismes bestaan in 'n simbiotiese verhouding tot mekaar, en vorm saam 'n voedselketting wat selfonderhoudend is. Hierdie verskynsel is deur Prof T. Higa van Japan ontdek. Sommige mikro-organismes is anaërobies; sommige is aërobies en sommige Kan in beide toestande voortbestaan.

EM tegnologie is gebaseer op die bruikbare gisting of fermentasie van organiese materiaal. Dit kan voedingstowwe soos aminosure, nukleïensuur, vitamine en hormone, vanuit organiese materiaal produseer en vrystel. Fermentasie word gebruik in 'n wye reeks van grootskaalse voedsel produsering prosesse soos in wyn, bier, kaas, jogurt, soja en vis sous, en in die produksie van tradisionele Asiatiese gefermenteerde groente.

EM is nie 'n chemikalieë nie, maar 'n mikro biologiese inokulant wat funksioneer as 'n biologiese maatreël om peste en plae te onderdruk en/of te beheer deur voordelige mikro-organismes in die omgewing vry te stel. Peste en plae word beheer en onderdruk deur natuurlike prosesse en deur die kompeterende en antagonistiese aktiwiteite van die mikro-organismes in die EM inokulant.

Deur die werking van EM in die grond word skadelike gasse en stowwe afgebreek, koolsuurgas word vrygestel wat die grond deurlug en voedingstowwe word meer effektief aan ander organismes beskikbaar gestel.

3. WAT IS MIKRO-ORGANISMES?

Mikro-organismes is baie klein, eenvoudige een- of meersellige organismes wat slegs deur 'n mikroskoop waargeneem kan word. Hulle skei ensieme af en breek organiese materiaal op in voedingstowwe vir hul eie gebruik, maar wat dan ook deur plante en diere opgeneem kan word.

Voorwaardes van voortbestaan

- a) Voedsel — organiese materiaal en minerale - energie.
- b) Temperatuur — dit hang af van die tipe mikro-organismes. (10 tot 32° C)
- c) Vog (Water).
- d) Aërobiese of anaërobiese toestande
- e) Huisvesting of draers soos humus of organiese materiaal.

Wanneer toestande gunstig is, gaan die mikro-organismes in 'n groeifase in waartydens hulle, in 'n kort tydperk, eksponensieel vermeerder. Indien een of meer van die bogenoemde toestande afwesig is, sal die mikro-organismes onaktief bly of selfs sterf as die toestande voortduur.

Mikro-organismes wedywer vir voedsel en ruimte. Sommige mikro-organismes vermeerder vinnig en word dominant, en onderdruk dan die skadelike mikro-organismes wat gevolglik sterf. Die meerderheid mikrobies is opportunisties, maar nie skadelik of voordelig op hul eie nie. Hulle funksioneer in samewerking met die dominante mikro-organismes.

Wanneer mikrobies wil oorleef, skep hulle 'n gemeenskap waar voedsel en leef area vir mekaar voorsien word. As daar te veel skadelike organismes (patogene) teenwoordig is, word 'n nadelige siektevormde gemeenskap gevorm. Voordelige organismes sal 'n voordelige gesonde gemeenskap bou as hulle getalle hoog genoeg is.

Wanneer EM nie'n genoegsame uitwerking het nie, moet die volume van die EM wat toegedien word vermeerder word tot 'n merkbare verskil gesien word.

4. EM BERGING

EM is 'n lewende entiteit wat gunstige toestande nodig het om voort te bestaan. EM moet teen ongeveer 20°C binnenshuis gestoor word. Melasse word as 'n voedsel bygevoeg veral wanneer EM vir 'n lang tydperk gestoor moet word. EM produkte moet in **anaërobiese** toestande gestoor word. Houers moet te alle tye lugdig verseël word.

Daar moet NOOIT 'n glashouer gebruik word nie, want EM produseer baie CO₂ gas wat kan veroorsaak dat die houer bars.

a) EM Voorraad	:Voorraad EM het 'n raklewe van ongeveer 6 maande
b) EM Verlengde	:maand (somer); 1.5 maande (winter)
e) EM-GPE	:maand (somer); 1.5 maande (winter)
d) EM-5	:6 maande
e) EM-GV	:6 maande
f) Bokashi	:Diere voer - 6 maande
	:Plante - 12 tot 15 maande

5. EM TOEPASSING

Voorraad EM word verleng om koste te bespaar. Om EM Verleng te vervaardig, word Voorraad EM vermeerder en nie verdun nie. Die mikrobies betree 'n groeifase en vermeerder in 'n anaërobiese toestand totdat die mikrobiële aantal en samestelling dieselfde is as die in Voorraad EM (verwys na bladsy 11 vir die produksie metode). Dit neem ongeveer 2 weke voordat Verlengde EM gereed is om te gebruik. Die kwaliteit van Verlengde EM kan getoets word aan die reuk, smaak, pH (onder 3.8) en die swamme op die oppervlak. Temperature moet so konstant moontlik gehou word tussen 18 en 30°C

Wanneer die tydperk vir gebruik van die Verlengde EM verstryk het (1 maand), moet 1% melasse as voedsel bygevoeg word om die rustende mikrobies te aktiveer. Die Verlengde EM sal na 2 weke gereed wees. So 'n vermeerdering van Verlengde EM mag slegs een keer gedoen word, anders sal daar 'n afname in die kwaliteit wees.

As daar te veel EM Verleng oor is, of as die EM Verleng te oud is (nie vrot nie), kan dit gebruik word in die water wanneer EM Verleng gemaak word, of dit kan in kompos gemeng word as voedingstof.

Moet nooit EM 'n tweede keer verleng nie, en moet nie EM Voorraad met meer as 100 keer verleng nie.

KOMPOS

a) EM KOMPOS

- EM vermeerder die mikrobies in die kompos, wat die proses versnel en die humus in die kompos verhoog.
- Voeg 1 ~ 2% EM Verleng by water. Spuit dit op die kompos materiaal en meng dit goed in. Die material moet klam wees en nie nat nie.
- 'n Verskeidenheid van materiaal kan saam gebruik word wat die kwaliteit van die kompos sal verbeter. (Gras, hoendermis, beesmis, perdemis ens.)
- Die temperatuur styg na 60 °C (voorkom dat dit hoër styg, deur 'n kompakte hoop te maak wat geen lug inlaat nie), voordat dit by rypwording daal.
- Die kompos is reg wanneer daar baie wit poeier agtige swamme (*Actinomycetes*) voorkom, en dit 'n ryk bos grond reuk het. *Actinomyce* is mikro-organismes wat op die insekte se eksoskelet (chitin) voed en antibiotikum produseer. Die teenwoordigheid van erdwurms in die kompos dui op die rypheid van die kompos. Die erdwurms sal nie in die kompos bly as dit nie ryp is nie.
- Indien die kompos 'n slegte, ammoniak-agtige reuk het, stel dit stikstof vry en verloor voedingstowwe. Moet nie kompos gebruik wat sleg ruik nie. Meng EM deeglik in om die slegte reuk te onderdruk.
- Dien die kompos as volg toe
 - Versprei ±5ton/ha in die eerste jaar
 - Versprei ±2,5t/ha in die tweede jaar
 Die kwaliteit van die grond en die bemesting wat gebruik word bepaal die hoeveelhede wat toegedien moet word vir die beste resultate.

b) KOMPOS TEE pH < 4.0

- Bio-aktiewe stowwe, humus, spoor elemente en voordelige mikro-organismes kan met EM water uit die kompos onttrek word. Die voordelige fungi kan in 'n aërobiese sirkulasie sisteem vermenigvuldig word.
- Die kompos aftreksel kan dan direk op die gesaaides gespuit word teen 'n 0.1% verdunning met

water, of op die grond, kompos of deklaag. Dit bevat al die voedingstowwe en ander bestanddele wat in kompos is, in 'n maklik absorbeer bare vloeistof vorm.

PLANTE

i. Maatstaf oor die effektiwiteit van EM

Die plante moet 'n natuurlike groen kleur hê. Die blare moet klein dik en bros wees. Die blare, takkies en stamme is duidelik gevorm en staan regop. Die plante groei goed, eweredig en blom vroeër met meer blomme. Die afstand tussen die litte en knope is korter. Wortel ontwikkeling is beter.

ii. EM verdunning vir toediening op plante

As 'n sterk konsentrasie van EM oor die plante gespuit word kan dit nadelig wees. Die regte verdunning van EM kan soveel en so dikwels as nodig toegedien word. Toets eers 'n oplossing wat sterker is as die voorgestelde voor u dit gebruik. 'n Beginsel van 'n laer konsentrasie meer gereeld, is beter as 'n hoë konsentrasie minder gereeld.

a) Inenting van Grond

- ❖ 1:500 verdunning van EM Verleng op grond uitgespuit (as alternatief kan EM GFE gebruik word.)
- ❖ 1:300 verdunning EM FF (gefermenteerde vis) of EM GHM (gefermenteerde hoendermis)
- ❖ 1:100~150 Bokashi ekstrak (Bokashi gewek in 10x water vir 12 ure)
- ❖ 2.5t Bokashi /ha Bokashi bevat organiese sure wat jong wortels kan beskadig. Dien dit toe 10 tot 14 dae voor u plant of plaas dit met die plantproses 10 to 15cm weg van die wortels.
- ❖ 'n Algemene riglyn is min 5l/ha EM Verleng per week. Die organiese inhoud van die grond is uiters belangrik en moet ook gereeld aangevul word. Hou die groei dop en verhoog die toediening totdat resultate duidelik waarneembaar is.
- ❖ Begin die toediening van EM so lank moontlik voor planttyd en hou daarmee vol tot voor oestyd.

b) Bespuiting van droë materiaal/plantreste na oes

- ❖ 1:200 verdunning EM Verleng in water. Kan ook deur die besproeiing gegee word teen 'n konsentrasie van 10l/ha of meer.

c) Plant bespuiting

- ❖ Dit is voorkomend teen swamsiektes en insekte. Dit moet voorkomend toegedien word vanaf die begin van die groeiseisoen en moet volgehou word tot aan die einde (Voorkoming is beter as genesing)
- ❖ 1:1000 verdunning van EM Verleng. EM GPE of EM 5 kan weekliks d.m.v. standaard toerusting soos balk spuite of mis spuite oor die plante gespuit word. Gebruik 'n 1:1000 verdunning tydens blomtyd.
- ❖ Gebruik 'n kombinasie van EM produkte as een alleen nie die gewenste effek het nie.
- ❖ Alle EM produkte kan saam gemeng en gespuit word.
- ❖ Vir beter effek kan molasses stroop saam gemeng word teen 'n konsentrasie van 1~3%. Meng die stroop eers met water om dit dunner te maak voor dit in die spuit gevoeg word.
- ❖ 'n Organiese benatter soos NU Film P kan ook gebruik word.

d) Week van sade in EM

- ❖ Week sade in 'n 0.1% EM water
- ❖ Klein sade vir 30 min en mielies en ander sade vir 4-6 ure afhangende van grootte en soort.
- ❖ Droog die sade af in skadu om te verhoed dat die sade aan mekaar vassit.
- ❖ Doen self toetse en eksperimenteer om die beste week tyd te bepaal.
- ❖ Nie vir peulplante aanbeveel nie.

e) EM Besproeiing/Bemesting

- ❖ EM Verleng of EM derivate kan elke keer in die besproeiingswater toegedien word. Besproeiingswater bevat dikwels skadelike chemikalieë en water oordraagbare siektes. Die EM sal die siektes vernietig.
- ❖ EM GPE kan gebruik word om te help om siektes te onderdruk.
- ❖ Dien toe deur die water elke keer as u besproei teen 1 liter EM Verleng vir elke 5000 tot 10000 liter water.

f) Voeding

- ❖ Tydens die groeifase kan EM GHM, EM FF, EM GPE of EM Kompos tee toegedien word om voeding aan te vul.

g) Insek beheer

EM is nie 'n insek doder nie, en moet nie soos chemikalieë behandel word nie.

EM en die derivate moet deel wees van 'n geïntegreerde program om totale beheer te bereik.

EM weer skadelike insekte af. EM 5, EM 3 in1 en EM FPE is voorkomende insekweerders wat saam met 'n organiese benatter toegedien kan word. Hoe langer EM gebruik word hoe makliker en beter word die beheer.

Insek vangers (bottels met EM in) kan gebruik word om insekte te lok. Vrugtevlieë word bv. gelok en sou hulle ontsnap sal die wyfies nie vrugbare eiers lê nie.

EM en die derivate is nie giftig vir predatore soos "ladybirds" spinnekoppe, naaldekokers, paddas ens. nie.

Daar word dus met goeie insekte geboer en 'n gesonde volhoubare omgewing word gevestig.

h) Ontwikkeling van nuwe grond

- ❖ Plant groenbemesting aan soos bv. sojabone, hawer, babala of sanhep.
- ❖ Werk die groenbemesting in die grond in saam met 2,5t /ha EM Kompos en spuit 30-50l EM/ha uit. Na 3~4 weke sal die grond reg wees om te plant.
- ❖ Pas altyd 'n wisselbou stelsel toe.

EM VIR GEBRUIK OP DIERE (Reg no. V16904)**1) Vlieg beheer (Sien sketse)**

- i) Die afname van slegte reuke is die belangrikste vir vlieg beheer omdat gasse soos NH₃ vlieë lok. Vlieë rondom diere kan siektes van een omgewing na 'n ander oordra.
- ii) *Actinomyces* swamme wat in EM voorkom, onderbreek die lewensiklus van die vlieg en vertraag die voortplanting tempo. Dit voed op die chitien wat die larwes produseer om 'n papier te word. Die metamorfose proses word so gestop.

2) Reuk onderdrukking

- i) Slegte reuke veroorsaak onhygiëniese en stres volle toestande vir diere. Hulle weerstand teen siektes kan verlaag en hulle kan verswak
- ii) EM word teen 'n verdunning van 1:50 ~ 1:100 verdunning (1 l/m²) in die hokke, stalle en krale gespuit.
- iii) Omliggende dele kan gespuit word teen 1:1000 een of meer male per week. Bokashi kan teen 250g/m² op die vloere uitgestrooi word om die behandeling meer effektief te maak.

3) Drinkwater

- i) EM reguleer die mikro flora in die diere se ingewande, wat die diere se spysvertering en gesondheid verbeter.
- ii) Voeg EM by alle drinkwater teen 'n verdunning van 1:1000. Waak teen te hoë konsentrasies aangesien dit suur pens by beeste kan veroorsaak.

4) Bokashi vir voer

- i) Bokashi onderdruk siektes en bevorder die herstel van siek diere, bevorder groei, voeromset en

prestasie.

- ii) Bokashi word as byvoeding gegee teen 1% van die daaglikse voer. 3% ~5% Bokashi kan vir jong, lakterende en herstellende diere gegee word.
- iii) 'n Te hoë dosis Bokashi kan veroorsaak dat diere te vet word en dan produktiwiteit verloor

Aanbevole fermentasie tyd vir diere voer Bokashi is 1~2 maande

5) Diere se mis

Mis wat in stalle was van diere wat EM ingekry het sal ook EM bevat, en die mis kan direk op die lande uitgeplaas word. Die mis al 'n kenmerkend anderse reuk as normale mis hê. *Actinomyces* swamme, wat lyk soos wit muf sal duidelik op die mis sigbaar wees, is voordelig en produseer antibiotika. Indien die mis sleg ruik moet EM weer daarvoor gespuit word voor dit gebruik word.

WATERKULTURE

EM verminder die Ammoniak (NH₃) en Waterstof sulfied (H₂S) gasse in die water, wat die kwaliteit van die water verbeter en meer spasie skep vir suurstof.

1) Toepassing

EM moet teen 'n verdunning van 1 : 2 500 tot 1:10 000 by die water gevoeg word. Die presiese verdunning sal afhang van die tipe vis, die huidige water kwaliteit en die water sisteem (stil of vloeiend).

2) Voer

Sproei 1% EM direk op die voer, en laat in die skaduwee vir 4 ure om droog te word. Die voer kan daarna direk gebruik word. Die beste resultate word verkry wanneer die voer vir 'n paar dae gelaat word om te fermenteer.

3) Slik vermindering

- i. Maak bokashi balle met gedroogde slik, en EM Verleng
- ii. Gebruik 30% Bokashi + 70% slik/klei en maak dit nat met EM
- iii. Vorm die mengsel tot die grootte van krieketballe. Bedek en fermenteer dit tot wit fungi daarop voorkom. Gooi dit daarna in die dam ±1m uitmekaar

ALGEMENE OMGEWING

EM kan op baie plekke in die algemene omgewing toegedien word.

Enige plek waar 'n vorm van besoedeling voorkom kan EM toegedien word om dit te neutraliseer en die skade te herstel. Waar bv. 'n oordosis onkruidodder (atrazine) 'n perskeboord besoedel het sodat die bome begin vrek, het 'n proef gewys dat EM die atrazine afbreek binne een jaar. Na 'n jaar is daar toetse op die grond gedoen en was daar geen spoor van atrazine oor in die grond nie.

EM word ook gebruik om rioolwater te suiwer. EM kan by die water gevoeg word, afhangende van die kwaliteit van die water teen 'n verhouding van 1:1000 ~10000. EM vernietig die skadelike bakterie soos E-coli. Skadelike gasse soos NH₃, H₂S en CH₄ word deur die EM afgebreek.

EM kan met veiligheid in septiese tenks gebruik word. 'n Bietjie EM in die wasbakke en storte hou die pype skoon en reukloos.

EM skep 'n gunstige habitat vir plante, diere, insekte en voordelige mikro-organismes. EM is 'n anti-oksidadant. Oksidasie is verantwoordelik vir die verrotting van organiese materiaal. EM kan die slegte reuk van verrotting in die grond onderdruk, deur die opbreking van skadelike gasse.

EM verander die oksidasie proses, wat na verrotting lei, na 'n anti-oksidasie proses wat na fermentasie lei. Slegte reuke word onderdruk en die omgewing word verander vanaf 'n siekte induserende omgewing na 'n produktiewe, gesonde omgewing.

Skadelike insekte word verminder om 'n natuurlike balans ten opsigte van die verskillende spesies te skep. EM kan die slegte reuk van rioolwater, en die Biochemiese Suurstof Aanvraag in 'n rioolwater sisteem verminder.

EM kan in die skoonmaak van riviermonde en hawens gebruik word, aangesien EM baie effektief is wanneer dit met seewater gemaak word. EM kan help om plante in 'n hoë soutgehalte grond te laat groei, deur EM gefermenteerde organiese materiaal te gebruik.

EM DERIVATE

Die meeste EM produkte moet by 'n pH laer as 4 geberg word. Skadelike organismes kan nie in sulke suur toestande oorleef nie. Vir dierlike gebruik moet die pH om en by 3,7 of laer wees.

1) EM-GPE (Gefermenteerde Plant Ekstrak) pH<3,7 (10-14 dae vir rypwording)

i. Bestanddele vir Gefermenteerde Plant Ekstrak (20l)

a	Gekapte vars onkruid#	20l(nie vasgedruk)
b	Water (Chloor vry)	16l
c	Melasse (3%)	480ml
d	EM verleng	480ml

- Gebruik plante met medisinale of insekwerende eienskappe soos bv. kakiebos, seringboom, bloekom, kruie ens. Gesnyde vrugte soos lemoene of suurlemoene kan ook bygevoeg word. **Moet nie giftige plante gebruik nie.** Gebruik altyd 'n verskeidenheid.

ii. Voorbereiding

- ❖ Kap die plante fyn
- ❖ Plaas die plante in 'n houer wat lugdig seël
- ❖ Meng die melasse en water en gooi die EM by. Gooi die oplossing in die emmer oor die plante
- ❖ Plaas 'n gewig op die plantmateriaal om dit af te hou sodat dit toe is onder EM.
- ❖ Plaas die deksel terug en maak seker dat dit lugdig seël.
- ❖ Sit die houer op 'n koel plek tussen 20-30°C uit direkte sonlig.
- ❖ Fermentasie begin en gas word vrygestel (2-3 dae)
- ❖ Stel 'n lugval op sodat gas vrygelaat kan word ('n pypie uit die houer in 'n bottel vol water)
- ❖ Die EM GFE is reg as die pH onder 3.7 is.
- ❖ Filtreer die plantmateriaal uit en plaas die vloeistof in verseëlde houers gereed vir gebruik.

iii. Berging

- ❖ EM GPE moet in 'n koel plek met eenvormige temperatuur geberg word.
- ❖ Moet nie in 'n yskas of in direkte sonlig bêre nie
- ❖ EM GPE moet binne een maand gebruik word.

iv. Gebruik van EM GPE

- ❖ Dit dien as insek weerder en siekte onderdrukker
- ❖ Dit bevat voedingstowwe soos aminosure en ander bio-aktiewe stowwe (ensieme, hormone en vitamines) wat uit die plantmateriaal onttrek is.
- ❖ Dien toe deur die water teen 1:1000
- ❖ Bespuit die plante teen 'n verdunning van 1:500~1:1000. Voeg 'n organiese benatter by.
- ❖ Begin toediening net na ontkieming voor peste en siektes voorkom.
- ❖ Spuit soggens of na reën as dit koel is.
- ❖ Dien gereeld toe.
- ❖ Kombineer EM GPE met ander EM byprodukte soos EM5.
- ❖ Gebruik 'n sterk oplossing om blomme af te speen – natuurlike snoei sisteem.
- ❖ Sterker konsentrasies moet getoets word deur dit op 'n paar plante te spuit. Laat 3 dae toe om te bepaal of daar 'n negatiewe effek is.
- ❖ Vrugtebome kan met 'n 3% verdunning gedurende die groeifase en laat vrug stadium behandel word. Moet nie 'n sterker konsentrasie as 1:1000 in die blomstadium gebruik nie aangesien die blomme beskadig kan word.

2) EM 5 pH < 3.6 (4 weke om ryp te word)

i. Die volgende is 'n standaard stel bestanddele om 5l EM 5 te maak

- ❖ Water (chloor vry) 3l

- ❖ Melasse 500ml
 - ❖ Asyn (wit asyn) 500ml
 - ❖ Alkohol # 500ml
 - ❖ EM Verleng 500ml
- # Cane of enige ander etanol (47% - 50% suiwerheid) kan gebruik word.

ii. Voorbereiding

- ❖ Meng die melasse met die water tot dit opgelos is
- ❖ Voeg eers die asyn en alkohol by die melasse mengsel, daarna die EM Verleng.
- ❖ Gooi in 'n plastiese houër en seël lugdig.
- ❖ Hou die houër in 'n koel plek uit die son uit met temperature tussen 25 en 30°C.
- ❖ Stel die CO₂ vry d.m.v. 'n lug val.
- ❖ Die EM5 is reg vir gebruik as daar nie meer gas geproduseer word nie.
- ❖ Die EM5 moet 'n soet reuk hê.

iii. Berging

- ❖ EM 5 moet in 'n donker koel plek met 'n konstante temperatuur geberg word.
- ❖ Moet dit nie in die yskas of in direkte sonlig berg nie.
- ❖ Gebruik binne 5 maande.

iv. Gebruike van EM5

- ❖ Spuit EM 5 teen 'n verdunning van 1:500 tot 1:1000 sodat gewasse nat is.
- ❖ Begin toediening net na ontkiëming, voordat peste en siektes voorkom.
- ❖ Spuit as dit koel is, soggens vroeg, middag laat of na reën.
- ❖ Dien EM5 gereeld toe

3) EM 3 in 1

pH <3.6 (10 tot 14 dae om ryp te word)

- i. Dit is die sterkste insekbeheermiddels
- ii. Produksie soos vir EM GPE behalwe vir die volgende bestanddele.
 - ❖ Vars knoffel, gemmer en brandrissies 400g van elk fyngekap
 - ❖ Swart peper (fyn gebreek) 200g
 - ❖ EM Verleng 600ml
 - ❖ Melasse 600ml
 - ❖ Water (chloor vry) 18l

Die mengsel maak 20l EM 3 in 1

4) Bokashi

pH 4,5 tot 4,7 (4 weke om ryp te word)

Bokashi beteken Gefermenteerde organiese materiaal. Bokashi het 'n hoë inhoud voordelige mikro-organismes in organiese materiaal en produseer bio-aktiewe stowwe soos vitamines, hormone, nukleiënsure en aminosure ens.

i. Materiale vir Bokashi

- ❖ 'n Verskeidenheid organiese materiale kan gebruik word bv. Mieliesemels, koring semels, mieliemeel, grondbone doppe, koringstrooi, sonneblom koek, soja oliekoek, mila (verwerkte suikerriet), gekapte plantmateriaal, saagsels, klappervesel en doppe, plantreste, vismeel, diere mis, kombuis afval. Samevattend enige organiese materiaal of kombinasies daarvan. Kuilvoer is ook 'n vorm van Bokashi.
- ❖ Meng altyd melasse in die Bokashi. Dit dien as voedsel vir die mikro-organismes.
- ❖ Die einddoel bepaal die tipe materiaal wat gebruik word.
- ❖ Bokashi gemaak van diere voer is die beste geskik om bestaande veevoer te komplimenteer.
- ❖ Dit is wenslik om hout, steenkool, seoliet, kelp, gras, en houtskool by die Bokashi te voeg. Hierdie materiale is poreus en verbeter die fisiese toestand asook die absorpsie vermoë van die grond. Dit bied ook skuiling of huisvesting vir die organismes.

ii. Voorbereiding van Bokashi

Die voorbereiding van 'n tipiese Bokashi vir diere is as volg:

Materiale

- ❖ Koring semels 100l (volume)
 - ❖ Soja Koekmeel 25 l (volume)
 - ❖ EM Verleng 150ml (1% van die volume water wat gebruik word om die mengsel te benat)
 - ❖ Melasse 150ml (1% van die volume water wat gebruik word om die mengsel te benat)
 - ❖ Water (skoon) 15l
- # Die hoeveelheid water is slegs 'n riglyn. Die hoeveelheid water wat benodig word hang af van die voginhoud van die verskillende materiale wat gebruik word.
Die regte hoeveelheid is die hoeveelheid wat gebruik word om die materiaal te benat sonder dat daar oormatige vrye water in die mengsel teenwoordig is.

Vorbereiding

- ❖ Meng al die materiale goed
- ❖ Los die melasse op in die water en voeg die EM by
- ❖ Spuit die melasse mengsel oor die organiese materiaal terwyl u dit meng. Gaan die voginhoud gereeld na. Daar moet geen vry water in die mengsel wees nie. Die voginhoud kan bevestig word deur 'n handvol van die materiaal saam te pers. Dit moet 'n eenheid vorm wat stadig uitswel en nie verkrummel tensy daaraan geraak word nie.
- ❖ Plaas die mengsel in 'n houer wat lugdig kan seël. Plaas dit in lae, en druk vas sodat al die lug wat tussen die materiaal vasgevang is uitgedruk word. Vul die houer tot 50mm van bo.
- ❖ Plaas 'n paar lae koerantpapier bo-op om oortollige vog wat kondenseer te absorber. Te veel vog bo-op die Bokashi kan dit laat vrot.
- ❖ Seel die houer lugdig om 'n anaërobiese toestand te verkry.
- ❖ Stoor die houer in 'n koel plek uit direkte sonlig uit. Temperature tussen 20-30°C. Plaas dit in die winter in 'n warm plek.
- ❖ Die fermentasie periode is ongeveer 4-5 weke
- ❖ Die Bokashi is reg vir gebruik as dit 'n soet fermenterende reuk het. Moet nie die Bokashi gebruik as dit suur of vrot ruik of as daar fungi met 'n ander kleur as wit daarop voorkom.

iii. Gebruik van Bokashi

- ❖ Gebruik dit as 'n EM innokulant omdat dit 'n hoë persentasie mikro-organismes bevat.
- ❖ Gebruik as bemesting en byvoeding by plante
- ❖ Plaas weg van plantwortels af aangesien dit 'n oormaat voedingstowwe en organiese sure bevat wat die plant weefsel kan beskadig.
- ❖ Meng dit in kompos om die proses te versnel
- ❖ Dien bo-op die grond toe teen 200g/m² saam met kompos. Dieselfde toediening kan gebruik word vir stalle en krale.
- ❖ Dien 1kg/m² toe wanneer die grond arm is en min organiese materiaal bevat.
- ❖ Die volgende riglyne kan gebruik word as Bokashi aan diere gevoer word.
 - Beeste, skape en varke vir vleisproduksie 1kg Bokashi / 100kg voer
 - Stoetdiere 3kg Bokashi / 100kg voer
 - Melk diere 5kg Bokashi / 100kg voer
 - Braaikuikens 5kg Bokashi / 100kg voer
 - Volstruise 3-5kg Bokashi / 100kg voer
 - Lêhenne 1kg Bokashi / 100kg voer
 - Diere op weiding as byvoeding 30g – 200g / dag (neem grootte in ag)

❖ EM FF (Gefermenteerde Vis) pH 6~7 (sien sketse)



- ❖ Verskaf stikstof aan plante deur stadige vrystelling. Dit is ook 'n fosfaat bron
- ❖ Die vis moet fyn gedruk word om die minerale beskikbaar te stel vir die mikro-organismes.
- ❖ Vis afval is goedkoop om te gebruik.
- ❖ Dit moet voor en na oestyd, en voor en na blomtyd, op plante toegedien word.
- ❖ Dit kan met EM GPE (25%) gemeng word, as dit 'n slegte reuk het

❖ **EM GHM (Gefermenteer Hoendermis) pH 5,7 (sien sketse)**

- Dit is soortgelyk aan EM FF omdat dit stikstof en fosfate aan die plante verskaf.
- Dit is 'n goedkoop bron van voeding
- Meng met EM Verleng of EM FPE voor bemesting indien dit sleg ruik.


❖ **EM GKR (Gefermenteerde kombuis rommel) pH 3,7**

- EM Verleng kan kombuis rommel fermenteer vir 'n voeding ryke bemesting vir plante.
- Die produksie metode is soortgelyk aan GPE
- Dit is 'n baie effektiewe manier om kompos vir die huistuin te maak.




EM 5

Asyn	10%
Alkohol 45%p	10%
Malasse	3%
Water	60%
EM Verleng	3%
(Voeg laaste by)	

**EM GV (Gefermenteerde vis)**


Vis	10 - 20%
Melasse	3 %
Water	84 -27%
EM Verleng	3 – 50%



EM GHM (Gefermenteerde hoendermis)

pH = 5-6

Vis	10 - 20%
Melasse	3 %
Water	84 -27%
EM Verleng	3 – 50%



Lugpypie

Lugspasie

Hou in sonskyn
30 dae vir rypwording
Meng een maal per week


Houer met water

BOKASHI (Gefermenteerde organiese materiaal)

Min lugruimte

Lugdig geseel

Stoor binneshuis



In Lugdigte houer

a. Tipe 1 Slegs koring of mieliesemels
Tipe 2 Koring of mieliesemels 100%
Vismeele 25%
Soja of Sonneblomkoek 25%

+ 1% EM Verl. + Melassewater
Ongeveer 30% vol

Drie lae koerant papier om oortollige vog te absorbeer en om te verhoed dat die Bokashi vrot



Hou toe



Maak oop

Dit vorm stadig krakies maar verkummel nie

II. ORGANIESE BOERDERY - Volhoubare Boerdery

1. Leer uit die natuur

